

25 September

Skrifgedeelte: Genesis 50:1-21
Fokusgedeelte: Genesis 50:20

Mense se slegte bedoelings is ondergeskik aan God se raadsplan!

Josef het vas geglo dat God alles vir hom ten goede laat meewerk. Sy eie lewensverhaal was immers 'n bewys daarvan dat selfs ander mense se slegte bedoelings ondergeskik is aan God se raadsplan. As jong seun het sy jaloerse broers hom verkoop en is hy na Egipte weggevoer. Daar het hy deur God se bestiering die farao se regterhand geword en kon hy kos laat insamel vir die komende hongersnood waarteen God hom gewaarsku het. So sou Josef kon sorg dat sy boers nie van die honger omkom nie en die nageslag van Jakob 'n groot volk word, die volk uit wie die Christus gebore sou word!

Wanneer iemand my te na kom, kan ek ook weet dat God alles ten goede vir my sal laat meewerk, dat Hy nooit sal toelaat dat iets onnodigs met my gebeur nie, dat Hy so magtig is dat Hy selfs mense se slegte bedoelings ondergeskik kan maak aan sy raadsplan!

Sing: Psalm 68:3

Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)